

6 Oktober

**Skrifgedeelte: Jesaja 59:1-21**  
**Fokusgedeelte: NGB, Art 23**

### **Christus is ons geregtigheid voor God**

Ons Skrifgedeelte wys hoe belangrik dit vir God is dat jy reg lewe. Verkeerde dade, die sonde, bring skeiding met God en skeiding met God is die ergste wat met 'n mens kan gebeur. Ons is mos gemaak om in verhouding met God te lewe! Ondersoek jou lewe dus vir die volgende gevaartekens. Jy –  
wag op lig, maar dit bly donker (vers 9);  
sien soos 'n blinde geen uitweg nie (vers 10a);  
struikel baie (vers 10b);  
is tot die dood toe moeg vir die lewe (vers 10c);  
bly ontevrede en kla oor alles (vers 11a);  
verduur baie onreg (vers 11b).

God doen iets aan al hierdie hartseer omstandighede (vers 1). Hy verklaar oorlog teen die sonde. Hy trek Hom soos 'n soldaat aan. Sy regte dade (geregtigheid) is sy pantser en redding is die helm op sy kop (vers 17). Hy gryp in om die verhouding met jou te herstel (vers 16).

In die Nuwe Testament sien ons hoe God dit doen. Sy Seun Jesus Christus verslaan die sonde namens jou. Met sy goeie dade vervul Hy al God se voorskrifte namens jou. Christus is nou jou geregtigheid voor God. So kom die “pantser van geregtigheid” ook tot jou beskikking. Trek dit aan, maak korte mette met die sonde in jou lewe en leef in die herstelde verhouding met God!  
*(In die volgende vyf dagstukkies sal ons aan die hand van Artikel 23 NGB leer hoe om in hierdie herstelde verhouding met God te lewe.)*

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*